NGK SINODE GOUDLAND

GOUDPOS

NUUSBRIEF NR 29 - 2018 • WWW.GOUDLAND.ORG.ZA

NUUS VAN ONS GEMEENTES

Nuus van ons predikante

- dr. Henk Gous is as brugpredikant aangestel in Drie Riviere gemeente in Vereeniging.
- Nicole Hamman se pa is onlangs oorlede.
- ds Ettienne Engelbrecht van Drie Riviere-Oos het 'n beroep na Heuwelsig in Bloemfontein ontvang.

NUUS VAN ONS RINGE

Sedibeng-gemeente verwelkom

Sedibeng-gemeente word Saterdag 21 April om 10:00 in Vereeniging verwelkom deur die Missio Dei Rind en Sinode Goudland.

NUUS VAN ONS SINODE

Huweliksnaweek vir leraarspare

Hierdie kursus word al 10 jaar aangebied as bediening van Wilgespruit en nou word leraarspare uitgenooi 17-19 Augustus 2018. Daar is 12 kamers (eie badkamers) beskikbaar by De Witte Duif Gasteplaas naby Koster. Die ontwerp gee baie privaatheid deurdat gesprekke uitsluitlik geskied tussen die man en vrou self, met geen druk vir openbaarmaking nie. Koste is R1,400 per egpaar (verblyf, etes en materiaal ingesluit). Egpare kan anoniem vra vir 50% subsidie deur Predikantebediening. Skakel Kerkkantoor Wilgespruit 0117642000.

1 Leraars kry 15 VBO punte vir die naweek
2 Daar is nog net 6 plekke beskikbaar

#imagine 2018 verrasend anders

Ons het 'n wonderlike geseënde #imagine ervaring gehad waar ons opnuut verras was oor tieners se soeke na hul roeping. Hierdie ervaring het die naweek van 6-8 April plaasgevind en duisende tieners, leiers en vrywilligers se lewens is by hierdie Nasionale Jeugbeweging verander. Dit is 'n besonderse geleentheid waar jongmense van regoor Suid- Afrika mekaar oor verskeie grense ontmoet en uitgedaag word om anders te gaan leef. Die tema "verrassend anders" of "surprisingly different" was treffend en die teksgedeelte vir die hele naweek was Lukas 19:1-10, oor Jesus en Saggeüs se ontmoeting (Lees volledige verslag hier)

Kyk ook na hierdie videos om 'n goeie oorsig oor #imagine 2018 te kry:

- Algemene 2018 oorsig oor #imagine 2018: https://www.facebook.com/SolidProject/vide-

os/10156532153461495/

- Donderdag se Highlights Video: https://www.facebook.com/imaginemove/videos/970567129788230/
- Vrydag se Highlights Video: https://www.facebook.com/imaginemove/videos/970877283090548/
- Saterdag se Highlights Video: https://www.facebook.com/imaginemove/videos/971690176342592/
- Uitnodiging na 2019 se fees: https://www.facebook.com/imaginemove/videos/971776619667281/

NUUS VAN DIE ALGEMENE SINODE

Teologiese opleiding verbreed na nuwe kategorie van leraars en kerkraadslede

Voorstelle vir 'n nuwe raamwerk van teologiese opleiding wat – naas die predikant soos ons dit ken, ook vir "diensleraars" en toerusting van kerkraadslede ("bedienaars") om eredienste te lei – voorsiening maak, is onlangs deur die Moderamen van die Algemene Sinode (ASM) goedgekeur.

Hierdie voorstelle kan nou – in soverre dit bestaande reëlings vir teologiese opleiding verbreed – in 2019 aan die Algemene Sinode vir goedkeuring voorgelê word.

Leraars sal in die toekoms deeltyds of voltyds opgelei kan word. Om deeltydse opleiding te ondergaan, moet die teologiese student met 'n B-graad aanmeld.

Diensleraars ("hulpleraars") sal gelegitimeerde leraars met 'n spesifieke opdrag ooreenkomstig die terrein van opleiding wees. Terreine soos Jeug en Familie, kerkplanters en gemeenskapswerkers word in die vooruitsig gestel. Diensleraars is soos gemeenteleraars beroepbaar in die verband. Die Algemene Sinode besluit hieroor in 2019 aangesien 'n kerkorde-wysiging hiervoor nodig is.

'n Uitgebreide lys kapasiteite waaroor bedienaars, diensleraars 9of "hulpleraars") en leraars moet beskik, word ook verskaf.

Klik hier om die voorstel, soos dit deur die ASM goedgekeur is, te lees. (met dank aan Grenspos)

KURSUSSE EN SEMINARE

Excelsus Oggendsimposium met: FRANK WEVERS

[Emeritus-predikant by Calvary Christian Reformed Church in Holland, Michigan] - MOVING TOWARD MISSIONAL – the story of an ordinary pastor and an ordinary church

- Becoming a missional thinker yourself: my personal journey
- Becoming a missional congregation: The story of Calvary Christian Reformed Church, Holland Michigan
- The pros and cons of being a missional church.

Datum: 25 April 2018 - Tyd: 9:00-12:00 - Plek: NG Kerk Stellastraat (Suidoos-Pretoria)
Koste: R 80-00 (sluit tee/koffie en ligte middagete in)
Ontvangs van inskrywings geskied per e-pos, excelsus@up.ac.za.
Navrae: Kontak Rika van Rensburg by 012 420 6738 (08:00 – 13:00)
VBO-punte: 3

INTERESSANTE ARTIKELS

Die sterwe van die kerk

In 'n insiggewende reeks bydraes bespreek Todd Dildine die sterwe van hoofstroomkerke in die VSA. Hy verduidelik waarom sosiale oorsake (spesifiek die disintegrasie van die gemeenskap) die kerk saam die afgrond intrek. Wat kerke moet doen, is om weer gemeenskap te bou en die vesel van die samelewing te versterk.

Om agter die kap van die byl te kom, moet mens sy oorspronklike bydraes lees. Dit is eenvoudig en toeganklik geskryf. Hy bring insigte uit die sosiale wetenskappe in vier bydraes in verband met die lewe van die kerk.

Sy eerste twee plasings is reeds aanlyn beskikbaar – hier is die eerste plasing.

Dit sal baie interessant wees om te hoor wat dink julle hiervan. Hoeveel is toepaslik op die SA konteks? (met dank aan Grenspos)

The Courage To Lead

On the heels of the #metoo movement came #churchtoo — exposing the abuse, harassment, and misogyny taking place in churches, places where people should experience mutual support, leadership, and empowerment. Lisa Bevere shares how the New Testament shows people of different genders working together for the good of all. Watch a short presentation. (met dank aan Grenspos)

NUUSBROKKIES

ROEPTV – eerste afrikaanse digitale tv kanaal sien binnekort die lig!

RoepTV.com, Suid-Afrika se eerste Christen-leefstyl digitale televisiekanaal in Afrikaans, maak op 1 September 2018 sy buiging! Met 'Die Waarheid' as leuse, beloof dié nuwe opwindende kanaal om bekostigbare programme met vermaak en inligting te verskaf wat familievriendelik en op Christen-waardes geskoei is. Dit sluit in vars, nuwe plaaslik vervaardigde programme, kindervermaak, asook internasionale rolprente.

RoepTV.com gaan toeganklik wees vanaf enige televisiestel of slimtoestel in jou hand, skoot, ore of op die naat van jou rug. Met bekende rolspelers soos Retief Burger, Lindie Strydom, Michael Mol, Nico Pinagio, Gretha Wiid, Regardt van den Berg en Frank Rautenbach beloof hierdie digitale TV-kanaal 'n diverse programskedule met eenhonderd persent Christelike deursigtigheid en opregtheid as grondslag.

Die eksklusiewe inhoud van RoepTV.com kan op aanvraag enige tyd wanneer jy wil, waar jy wil en vir so lank as wat jy wil gekyk word! Kykers kan onder meer uitsien na 'n sitkom, televisiereeks, speletjiesprogram, aktuele programme asook 'n verskeidenheid internasionale films!

(Met dank aan JOY) Bron: roeptv.com

1st Floor Dunkeld West Centre
281 Jan Smuts Avenue Dunkeld 2196
PO Box 413342, Craighall, 2024
South Africa

HEARTLINES

Tel. +27 11 771 2540
Fax: +27 11 771 2550
info@heartlines.org.za
www.heartlines.org.za

4 APRIL 2018

An initiative of The Mass Media Project - 2002/003520/08
(Association Incorporated under Section 21) Non-Profit Organisation no: 020-367

2 PETER 1:7 SEEKING MUTUAL AFFECTION

Dear GREATER VAAL PASTORS, MINISTERS, ELDERS & YOUTH WORKERS,

WHAT'S YOUR STORY?

INVITATION TO THE CHURCH
STORYTELLING CAMPAIGN
10:00 BRUNCH – 24 May 2018

At Heartlines, the **Centre for Values Promotion**, we believe in the power of story to touch hearts and transform behaviour. We are a media NGO that produces and promotes stories on values-related themes. Our stories are in the form of films, printed resources, books and digital media. Using our stories and media resources we **engage with communities to start conversations on values**.

WHAT'S YOUR STORY: THE CAMPAIGN

We have a trust deficit that affects the quality of our relationships with others and hinders us from getting to **know each other better**. A story-based initiative to promote **trust and understanding**. **We believe that personal storytelling can be achieved in 3 easy steps:** Ask. Listen. Tell. **- By *asking, listening* and *telling* each other our stories we can break down** suspicion, mistrust and the misconceptions that divide us.

As we make SEEKING UNDERSTANDING a habit,
WE CAN BUILD THE SOUTH AFRICA WE ALL LONG FOR,
one story at a time.
The CHURCH CAN BE THE CHAMPION OF CHANGE!!

SEEK ING UNDER STAND ING

FREE VAAL PASTOR'S WORKSHOP - WHAT'S YOUR STORY:
FREE TRAINING, FOOD & WORKBOOK with DVD to the first 150 Pastors REGISTERING.
Youth Workers and Elders are extremely welcome!!

DATE:	24 May 2018	RSVP:	4 May → Own Name &
TIME:	09:45 TO 12:30	SMS:	064 239 8600 ← Church Name
VENUE:	River of Life (22 Elliot St VDBP)	WhatsApp:	083 293 0655

HEARTLINES MOVIE: **BEYOND THE RIVER** will be shown from 08:00 till 9:45.
Please make every effort to also come and watch this POWERFUL MOVIE with us.

For more information please don't hesitate to contact me.

Regards,

Gerhard de Koker
HEARTLINES – Training Coordinator
083 293 0655 / gerhard@youthcorporation.co.za
www.heartlines.org.za

Directors: S L Lerefolo (Chairperson) • C G Japhet (Executive Director) • Z Mamba • V Pauquet • R Myburgh • J Cunningham • E Bowers • D Muller
Patrons: Archbishop Emeritus Desmond Tutu • Dr B Bam • Ms Penny Heyns

---

PINKSTER 2018

Preekreeks by CLF

Die preke vir Pinkster (10–20 Mei 2018) is gereed om afgelaai te word vanaf CLF se webtuiste, onder 'Downloads'.

https://www.clf.co.za/downloads/week-of-prayer-pentecost

VAKATURES

Vakatures in Kerkbode geadverteer

'n Lys van vakatures vir predikante, ander kerklike amptenare en verwante kerklike instansies is gerieflik beskikbaar in die NG Kerk se amptelike kerkkoerant, Kerkbode. Dit word ook via die nuwe e-Kerkbode elektronies versprei na predikante en gemeentes, sowel as

ander intekenare. Klik hier vir die jongste vakatures in die NG Kerk-familie: http://kerkbode.christians.co.za/category/vakatures/

AFLOSPREDIKANTE

- Hennie le Roux: Preekbeurte – sel: 082 374 2208, epos: hennieleroux@yebo.co.za – Wesrand
- Zachie le Roux: Brugpredikant, preekbeurte – sel: 083 799 5911, epos: zachie.leroux@gmail.com – Randburg
- Dr Meyer de Kock: Termyn-aflos 4-6 weke op platteland – sel: 082 459 6707, epos: gelmi@absamail.co.za – Odendaalsrus
- Dr Henk Gous: Preekbeurte – sel: 083 267 0108 - epos: henkgous@mweb.co.za
- Hennie Lombard: Beskikbaar vir optredes op die Wesrand of selfs verder – tel: 011 672 4610 of 072 231 7626, epos: hennielombard@telkomsa.net
- Terence Cooke: Preekbeurte – sel: 0827759570, epos: cookie@telkomsa.net - Potchefstroom.
- Matthys Steyn: Preekbeurte en aflos – epos: grootthys@gmail.com, sel: 0824595139 - Wesrand
- Swannie Swanevelder: Poppekas-bediening - van voorskool tot hoërskool - sel: 072 187 0259 - Wesrand
- Andries Grobler: Brugbediening, kort en langer aflostermyne, preekbeurte - sel 081 341 0659 of 011 954 2357, epos: andries.grobler@gmail.com - Wesrand
- Johan Ainslie: Aflos, preekbeurte - sel: 083 310 9268 - Wesrand
- Elize Nel : Aflos preke ens. - sel: 082 475 2740 - Zeerust
- Benjan Knoetze: Preekbeurte, aflos - benjanknoetze@gmail.com - 082 505 2924 - Potchefstroom
- dr Theo Marais: Aflos, preekbeurte - theo@constantiakruin.co.za - 082 5700 769 - Wesrand
- Stanus Cloete: Afloswerk en preke - stanus@agosolf.co.za - 082 887 9600 - Randburg.
- prop Bernice Baard: Afloswerk en preke - 082 372 9339 - bernice1.baard1@gmail.com - Wesrand

Laat weet asseblief as jy beskikbaar is as aflospredikant, asook vir preekbeurte, of as jy van 'n proponent of emeritus-predikant in die gemeente weet wat beskikbaar is vir preekbeurte of aflos. Stuur assebblief kontakbesonderhede aan ds.noel@ngkgoudland.org.za

INTEKEN/KANSELLEER

- Ek wil asb inteken op GOUDPOS
- Kanselleer my intekening op GOUDPOS